

tippet 100

Hier is 'n uitdaging vir hierdie week: bestuur op die pad soos wat jy uit die kerk loop.

Let bietjie op hoe mense uit die kerk uitgaan: groet mekaar, gee vir 'n ander 'n kans om ook in die paadjie te kom, druk nie bymekaar verby nie en stamp nie teen mekaar nie. Almal skuifel rustig buitentoe.

Hoekom kan ons nie so bestuur nie? Vanwaar die drang om te jaag, voor te wees, ander van die pad af te ry, mekaar niks te gun nie?

Dis tog nie lekker nie, of hoe? Begin betyds. Wees bedagsaam. Kom rustig anderkant aan.

Francois Retief

16 April 2018